# ‘n Narratiewe studie van die verskuilde kurrikulum in ‘n privaat hoër onderwys instansie

---

Wat die dosent aanbetref kan die 'verskuilde kurrikulum' verstaan word as ‘wat anders deur onderrig in die klaskamer ingebring word’ omdat die leeromgewing ‘n sosiale ervaring is en studente dikwels ander dinge as bloot spesifieke vakkennis aanleer. Dit vorm deel van alle vlakke van onderwys en word as 'n belangrike deel van die kurrikulum binne hoër onderwys beskou, tog bly dit ‘n uitdagende konsep om te definieer en te verstaan.

Verder is navorsing oor die praktiese ervaring hiervan binne hoër onderwys, spesifiek binne privaat hoër onderwys, beperk. Dit is ‘n buigsame, situasionele en subjektiewe konsep, daarom is die verskillende rolspelers en opvoedkundige instellings relevante uitgangspunte om te ondersoek, om die verskuilde kurrikulum meer holistiese te verstaan.

Hierdie studie poog om dosente se ondervindings met die verskuilde kurrikulum in hulle klaskamers beter te verstaan. ‘n Oorsig van die bestaande literatuur en die uiteensetting van begrippe het bygedra tot die ontwikkeling van ‘n konseptuele raamwerk, gefokus op die verskuilde kurrikulum in privaat hoër onderwys. Onderhoude oor hulle klasgee ervaringe is met tien dosente by ‘n privaat hoër onderwys instansie gevoer.

Ander perspektiewe was: die kurrikulum as die fondasie van die verskuilde kurrikulum, die invloed van die werksomgewing en die dosent. Die geanaliseerde data uit die onderhoude het waardevolle inligting rakende die belangrikheid van die dosent se nadenke verskaf, die toepaslikheid van privaat hoër onderwys instansies en die hoofareas waarin dosente die verskuilde kurrikulum in hulle klaskamers uitoefen.

Die studie dra by deur die belangrikheid van die verskuilde kurrikulum te beklemtoon en meer verstaanbaar te maak. Die konseptuele raamwerk wys op die wisselwerking tussen verskillende elemente van die verskuilde kurrikulum, wat verder die interafhanklikheid en dinamiese aard daarvan uitwys. Die studie dra verder by tot ‘n meer holistiese begrip van hoe die verskuilde kurrikulum uitgevoer word in privaat hoër onderwys, spesifiek en wat dosente dink dit is. Navorsing oor die verskuilde kurrikulum was nodig om ‘n verbeterde begrip van die vermoë en potensiaal van die verskuilde kurrikulum te ontdek, ten einde dit meer effektief en doelbewus in hoër onderwys te benut.

---

Nina Rossouw

Studieleier: Prof Liezel Frick